

An Exposition of the Seven Church Ages

Chapter Eight

Die Filadelfiese Kerkydperk

Openbaring 3:7-13

"En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfia: Dit sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie:

Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.

Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar llig — Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het.

Omdat jy die woord van My lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.

Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.

Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."

Filadelfia

Filadelfia was vyf-en-sewentig myl suid-oos van Sardis. Dit was die tweede grootste stad in Lydia. Dit was gebou op verskeie heuwels in 'n beroemde wynbou, distrik. Sy muntstukke het die kop van Bacchus gehad en die vorm van 'n Bacchant (priesteres van Bacchus). Die bevolking van die stad sluit Jode, Christene van Joodse oorsprong, en bekeerlinge van heidendom in. Die stad het gereeld aardbewings gehad, tog was sy duur die langste van die stede van Openbaring. In werklikheid die stad bestaan steeds onder die Turkse naam van Alasehir, of Stad van God.

Die munt van die muntstukke suggereer dat die godheid van die stad Bacchus was. Nou Bacchus is dieselfde as Ninus of Nimrod. Hy is die 'klaaglied een', hoewel meeste van ons dink aan hom in terme van rumoer en dronkenskap.

Watter verligting bring dit in ons gedagtes. Hier is 'n muntstuk met die god aan die eenkant en die priesteres of profetes aan die ander. Nou gooi 'n muntstuk. Maak dit saak watter kant dit afkom? Nee, meneer, dit is steeds dieselfde muntstuk. Dit is die Romeinse godsdiens van Jesus en Maria.

Maar ons dink nie net aan Rome nie. Nee, daar is nie net die groot hoer nie. Verseker nie; want sy, deur haar hoerery het 'n moeder geword. Haar dogters is nou muntstukke van dieselfde munt. Daar aan die eenkant van die muntstuk het hulle 'n aanbidding van Jesus gesit en aan die anderkant het hulle hulle priesteres of profetes ook en sy skryf haar leerstellings en dogmas en beginsels en verkoop dit aan die mense vir redding en maak aanspraak dat sy en sy alleen die ware lig het.

Hoe merkwaardig is die feit dat hierdie eeu gekenmerk word deur die muntstuk. Want die moeder en dogters koop almal hulle weg na die hemel. Geld en nie bloed nie is die koopprys. Geld en nie Gees nie is die krag wat hulle vorentoe beweeg. Die god van hierdie wêreld (mammon) het hulle oë verblind.

Maar hulle onderhandelinge in dood sal spoedig eindig, want dit is hierdie eeu wat die Gees roep: "Kyk Ek kom vinnig". Selfs so, kom vinnig, Here Jesus!

Die Tydperk

Die Filadelfia Kerkeeu was van 1750 tot omtrent 1906. Hierdie eeu, as gevolg van die betekenis van die stad, is genoem Die Eeu van Broederlike Liefde, omdat Filadelfia beteken: "liefde van broers".

Die BoodsAPPER

Die boodskapper van hierdie eeu was sonder twyfel John Wesley. John Wesley is gebore in Epworth,

Junie 17, 1703 en was een van negentien kinders gebore vir Samuel en Susanna Wesley. Sy vader was 'n kapelaan in die Kerk van Engeland; maar dit is meer waarskynlik dat die godsdienstige draai van John se gedagte meer gebaseer was op sy moeder se voorbeeldige lewe as van sy vader se teologie. John was 'n briljante student. Dit was terwyl hy by Oxford was dat hy en Charles deel van 'n groep geword het wat geestelik geoefen was om te aanbid op die basis van ervaring van die lewende waarheid eerder as om doktriene hulle standaard te maak. Hulle het 'n geestelike gids van werke opgestel, soos om vir die armes te gee, die siekes en die gevangenis te besoek. Vir dit is hulle genoem Metodiste, en ander bespote titels. Nou John was voldoende vervul deur sy visie van die nood van godsdiens vir die mense van die wêreld dat hy na Amerika gegaan het (Georgia) as 'n sendeling onder die Indiane. Op sy weg daarheen het hy gevind dat baie van die skip se passasiers was Morawiërs. Hy was diep beïndruk deur hulle sagmoedigheid, vrede, en moed in alle omstandighede. Sy liefdeswerk in Georgia ten spyte van onselfsugtigheid en harde werk was 'n mislukking. Hy het teruggekeer na Engeland huilend: "Ek het na Amerika gegaan om die Indiane te bekeer maar o! wie sal my bekeer?"

Terug in Londen het hy weer die Morawiërs ontmoet. Dit was Peter Bohler wat hom die weg van verlossing gewys het. Hy was waarlik weergebore tot die onsteltenis en toorn van sy broer, Charles, wat nie kon verstaan hoe so 'n geestelike man soos John kon sê hy was nie voorheen reg met God nie. Dit was, egter, nie lank daarna nie dat Charles, ook, gered was deur genade.

Wesley het nou begin om die Evangelie te verkondig in daardie preekstoele in Londen wat hy voorheen toegang tot gehad het; maar spoedig het hulle hom weggewys. Dit was op hierdie tydstip dat sy ou vriend, George Whitefield, hom in goeie posisie geplaas het want hy het John uitgenooi om te kom help preek in die veld waar duisende geluister het na die Woord. Wesley in die begin was skepties dat hy in die oopte moes preek in plaas van 'n gebou, maar toe hy die skares gesien en die werking van die Evangelie in die krag van die Gees het hy heelhartig gedraai na sulke prediking.

Die werk het gou sulke groot proporsies aangeneem dat hy talryke gemeentede uitgestuur het om die Woord te verkondig. Hierdie lyk soos 'n parallel met Pinkster waar die Gees mans opgerig het met krag om te preek en die Woord te verkondig amper oornag.

Daar was geweldige opposisie teen sy werk maar God was met hom. Die werke van die Gees was magtig geopenbaar en dikwels het so 'n gees van oortuiging die mense aangegryp soos om hulle krag weg te neem en hulle sou val op die grond en uitroep in groot nood oor hulle sondes.

Wesley was 'n besondere sterk man. Hy sê van homself dat hy nie kon onthou om vir selfs 'n kwart uur laagheid in sy gees te hê sedert hy gebore was nie. Hy het nie meer as ses uur 'n dag geslaap nie; het opgestaan in tyd om te begin preek teen vyf omtrent elke dag van sy bediening; het tot op vier keer gepreek op 'n enkele dag sodat hy in 'n jaar 'n gemiddeld van 800 preke gehandhaaf het.

Hy het duisende myle gereis soos wat sy kringryers gemaak het wat die Evangelie naby en ver geneem het. In werklikheid het Wesley 4500 myl per jaar gereis met sy perd.

Hy was 'n gelowige in die krag van God en hy het gebid vir die siekes met groot geloof en wonderlike resultate.

Baie van sy dienste het die manifestasie van Geestelike gawes gesien.

Wesley was nie ten gunste van organisasie nie. Sy medewerkers het 'n "Verenigde Klub" gehad, wat "'n maatskappy van mans was wat die vorm gehad het, en die krag van godsaligheid gesoek het, verenig om saam te kan bid, om die Woord van vermaning te ontvang, en om agter mekaar te kyk in liefde, sodat hulle mekaar kan help om hulle saligmaking uit te werk." Die enigste voorwaarde van hulle wat inkom was dat hulle moes wees soos die, "wie 'n begeerte gehad het om te vlug van die toorn wat kom, en om gered te word van hulle sondes." Met die verloop van tyd het hulle 'n streng groep reëls opgetrek om gebruik te word in self dissipline ten opsigte van hulle siele. Wesley het herken dat na sy dood die beweging georganiseer kon word en die Gees van God sou weggaan en hulle in dooie vorm los. Hy het eenmaal gesê dat hy nie bevrees was dat die naam van Metodiste die aarde sou verlaat nie maar dat die Gees Sy vlug mag neem.

Gedurende sy leeftyd kon hy groot rykdom verwerf; maar hy het nie. Sy gunsteling gesegde oor die onderwerp van geld was: "Kry alles wat julle kan, spaar alles wat julle kan, en gee alles wat julle kan." Hoe vreemd sou dit vir Wesley wees om vandag terug te kom en die denominasie te sien wat die naam van Metodis dra. Hulle is ryk—baie ryk. Maar die lewe en krag van John Wesley is afwesig.

Dit behoort ook genoem te word dat Wesley nooit die begeerte gehad het om 'n werk te bou op 'n denominasionele of sekte basis nie. Hoewel hy 'n Arminiaan in sy geloofvoortuigings was, wou hy homself nie skei van broers op die grond van doktriene nie. Hy was 'n goeie kandidaat vir James: Hy het sy ewige lewe gebaseer op geloof en werke, of die leef van die lewe, eerder as om eenvoudig 'n geloofsbelijdenis of 'n leerstelling formulering te aanvaar.

John Wesley het gesterf op die ouderdom van 88 en het God gedien soos weinige mense sou dink hulle kon.

Die Groet

Openbaring 3:7,

"En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfia: Dit sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie:"

O, hoe pragtig is daardie woorde. Hoe majestieus is selfs die geluid van dit. Hoe opwindend om te dink dat al daardie eienskappe aan een persoon toegepas kan word. Wie sou waag om sulke dinge oor homself te sê behalwe Jesus Christus, die Here van Heerlikheid? Ek glo die sleutel om presies te interpreteer wat elke een van hierdie wonderlike beskrywende uitdrukkings beteken, word gevind in vers 9,

"Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en en dit nie is nie, maar lieg — Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het."

Ek sê hierdie vers is die sleutel omdat dit met die Jode deel wat altyd hulleself die kinders van God genoem het met die uitsluiting van alle ander. Hulle het die Here Jesus Christus doodgemaak en gekruisig. Hulle vreeslike daad het hulle eie bloed op hulle eie koppe gebring vir eeue. Alles omdat hulle Jesus geweier het as hulle Messias, Wat Hy inderdaad was. Vir hulle was Hy nie die Een wat Kom nie, of die Seun van Dawid nie; vir hulle was Hy Beëlsebul, of een of ander onregverdige een gepas vir vernietiging. Maar nie so nie. Hy was inderdaad Emmanuel, God gemanifesteer in die vlees. Hy is inderdaad, Messias. Sekerlik, Hy was presies soos wat Hy nou Homself wys om te wees. Daar is Hy, DIESELFDE JESUS—Jesus Christus dieselfde gister, en vandag en vir altyd. Daardie Heilige Een in die midde van die kandellare is die einste Jesus Wie die kus van Galiléa bewandel het, Wie die siekes genees het, Wie die dooies opgewek het, en Wie ten spyte van ondeurlegbare bewys gekruisig en doodgemaak is. Maar Hy het weer opgestaan, en sit aan die regterhand van die Majesteit verhewe.

Die Jode het Hom nie toe heilig genoem nie. Hulle noem Hom nie heilig nou nie. Maar Hy is die HEILIGE EEN.

Psalm: 16:10,

"want U sal my siel aan die doderyk nie oorgee nie; U sal nie toelaat dat u gunsgenoot verderwing sien nie."

Hulle het hulle geregtigheid gesoek na die wet en het miserabel gefaal, want deur die wet kan geen vlees geregverdig word nie. Deur die wet kan geen mens heilig gemaak word nie. Heiligheid is van die Here.

I Korinthiërs 1:30,

"Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing."

II Korinthiërs 5:21,b,

sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.

Dit was Christus of vergaan, en hulle het vergaan want hulle het Hom geweier.

En mense van daardie eeu soos selfs vandag het dieselfde fout gemaak. Soos die Jode skuiling ingeneem het in die sinagoge vorm van aanbidding, so in die Filadelfiese Eeu het hulle skuiling gevind in die kerk. Dit nie aansluiting by 'n kerk wat tel nie. Die lewe is nie in die kerk nie. Die lewe is in Christus. "Dit is die rekord dat God ons Ewige lewe gegee het en hierdie lewe is in Sy Seun. Hy wat die Seun het, het lewe, en hy wat nie die Seun het nie het nie lewe nie." Mens word heilig gemaak deur die Gees. Dit is die Gees van Heiligheid wat Jesus opgerig het uit die dood wat in ons bly en maak ons heilig met Sy heiligheid.

Daar staan Hy, die HEILIGE EEN. En ons sal staan by Hom geklee in Sy geregtigheid, heilig met Sy heiligheid.

Nou hierdie eeu is die sesde eeu. In die oë van God, is tyd op sy einde. Hy sal spoedig terugkom. Binnekort sal die geroep uitgaan soos Hy kom,

en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en

laat die heilige nog heiliger word.

Openbaring 22:11b

O, ek is so bly dat my heiligheid nie van myself is nie. Ek is bly dat ek in Christus is, met al Sy wonderlike eienskappe van geregtigheid toegereken, ja gegee aan my. Geseënd is God vir ewig!

Hierdie dinge sê Hy Wat waar is. Nou hierdie woord, 'waar', is 'n baie wonderlike woord. Dit beteken nie waar net soos in die teenoorgestelde van vals nie. Dit druk die Volmaakte Besef van 'n idee uit in kontras met Gedeeltelike Besef.

Byvoorbeeld ons onthou dat Jesus gesê het in Johannes 6:32,

dit is nie Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie, maar my Vader gee julle die ware brood uit die hemel.

Johannes 15:1,

Ek is die ware wynstok.

Hebreërs 9:24,

Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn;

I Johannes 2:8,

want die duisternis gaan verby en die waaragtige lig skyn alreeds.

Aangesien hierdie woord, inderdaad, Volmaakte Realisering beskryf teenoor die idee van Gedeeltelike Realisering soos geïllustreer in hierdie verse, kan ons nou verstaan soos nooit tevore nie Antitipe gekontrasteer met tipe, en werklikheid met skadu. Neem nou die voorbeeld van manna uit die hemel. God het engelbrood uit die hemel vir Israel gestuur. Maar daardie brood het nie bevredig nie. Dit was net goed vir 'n dag. Hulle wat dit geëet het was weer honger die volgende dag. As dit daar rond gelos is het dit sleg geword. Maar Jesus is die WARE brood uit die hemel, waarvan manna net 'n tipe was. En as enige man van daardie BROOD eet wat uit die Hemel gekom het sal hy nooit weer honger wees nie. Hy hoef nie terug te kom en weer te eet nie. Die oomblik wat hy deelneem, het hy ewige lewe. Hier inderdaad was REALITEIT. Nie meer nodig vir 'n skaduwee nie. Nie nodig vir 'n gedeeltelike verlossing nie. Hier is die GEHEEL daarvan. Net soos Jesus nie 'n deel van God is nie, Hy IS God.

Niemand kan ontken dat Israel lig gehad het nie. Hulle was die enigste mense wat lig gehad het as 'n nasie. Dit was soos toe Egipte so donker was dat mens dit kon voel. Maar in die huise van die Israeliete was daar lig. Maar nou het die ware lig gekom. Die lig van die wêreld is Jesus. Moses en die profete het die lig gebring deur die Skrif relatief tot die Messias. Dus Israel het lig gehad. Maar nou het die Vervulling van die lig gekom, en wat net gloeiende Woord was het nou uitbreek in die Helderheid van God gemanifesteer tussen Sy mense. Soos die vuurkolom lig gegee het in die nag, en dit was wonderlik, nou word lig en lewe gemanifesteer in die volheid van die Godheid ligaamlik.

Israel het altyd die rooi verskalf geneem en haar geoffer op die altaar vir die vergifnis van sondes. Vir 'n jaar was die sondes van die skuldige een bedek. Maar daardie bedekking kon nie die begeerte om te sondig wegneem nie. Dit was nie 'n volmaakte offerhande nie. Dit was 'n skadu tot die ware verskyn het. So elke jaar sou die man offer en elke jaar sou hy terugkom omdat hy steeds dieselfde begeerte gehad het om te sondig. Die lewe van die dier het geboet vir sy sonde, maar omdat dit dierbloed was wat vergiet is en dier lewe wat gegee is kon dit nie terugkom op die man nie. As dit teruggekom het, sou dit steeds nie gebruik word nie. Maar toe Christus die volmaakte plaasvervanger gegee is, en Sy bloed gestort is, het die lewe wat in Christus was teruggekom op die bekeerde sondaar en daardie lewe wat die volmaakte lewe van Christus is, sondeloos en regverdig, dan kon die skuldige een vrygaan want hy het geen begeerte gehad om te sondig nie. Die lewe van Jesus het op hom teruggekom.

Dit is wat bedoel is in Romeine 8:2,

Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.

Maar die Jode destyds in die tyd van Jesus wou nie daardie offerhande aanvaar nie. Die bloed van bulle en bokke het niks perfek gemaak nie. Dit was eenmaal God se verordineerde metode. Maar nou dat Christus in die vlees verskyn het, en deur die stort van Sy eie bloed is sonde weggeneem en deur daardie offerhande van Homself is ons volmaak gemaak. Die Jode wou dit nie neem nie. Maar wat van daardie Filadelfiese Eeu, en, ja, die ander eeue, ook? Het hulle regtig hierdie werklikheid in Christus aanvaar? Nee meneer. Selfs al het Luther die waarheid van regverdigmaking gebring, die Roomse Kerk, en

sy oosterse ekwiwalent, die Ortodokse Kerk, het steeds vasgehou aan werke.

Nou werke is goed, maar hulle red jou nie. Hulle maak jou nie volmaak nie. Dit is Christus of vergaan. En dit is nie eens Christus EN werke nie. Dit is Christus alleen. Hierdie eeu het die jare van Arminianisme begin wat nie in Christus glo as die WERKLIKHEID nie. Dit sing nie "Niks behalwe die Bloed," want dit sing van "Niks behalwe die bloed nie EN my eie gedrag". Nou ek glo in goeie gedrag. As jy gered is sal jy regverdig wees. Ons het alreeds daarvoor gegaan. Maar laat ek julle nou sê, verlossing is NIE Jesus PLUS nie. Dit is Jesus ALLEEN. VERLOSSING IS VAN DIE HERE. Van begin tot einde is dit alles GOD. Laat Sy lewe in my wees. Laat dit Sy bloed wees wat my reinig. Laat dit Sy Gees wees wat my vul. Laat dit Sy Woord in my hart en mond wees. Laat dit wees Sy wonde wat my genees. Laat dit Jesus wees, en Jesus Alleen. Nie deur werke van geregtigheid wat Ek gedoen het nie. Nee meneer. Christus is my lewe. Amen.

Ek voel ek kan net aangaan en aangaan oor hierdie Waarhede, maar ek sal vir julle nog een gedagte gee. Dit is oor daardie wonderlike lied wat A.B. Simpson geskryf het.

"Eens was dit die seëning,
 Nou is dit die Here.
 Eens was dit die gevoel,
 Nou is dit Sy Woord.
 Eens Sy geskenk wat ek wou hê,
 Nou besit die Gewer dit.
 Eens het ek na genesing gesoek,
 Nou Hom Alleen.
 Alles in Alles verewig,
 Jesus sal Ek sing.
 Alles in Jesus,
 En Jesus alles."

Daar is niks in hierdie lewe nie, bevredigend soos dit mag wees, so goed en so eg soos dit mag wees, maar jy sal die som totaal van alle volmaaktheid vind in Christus. Alles vervaag in onbeduidenheid langs Hom.

Hy Wat die sleutel van Dawid het. Hierdie pragtige frase volg en kom uit die voorafgaande frase: "Hy wat waar is."— Christus, die Volmaakte Begrip, gekontrasteer met Gedeeltelike Begrip. Hier is dit. Moses was 'n profeet van God, maar Jesus (soos Moses) was DIE Profeet van God. Dawid ('n man na God se eie hart) was koning van Israel, maar Jesus is die Groter Dawid, Koning van Konings, en Here van Here, God die God. Nou Dawid is gebore uit die stam van Juda uit wie geen priesters gekom het nie, tog het hy geëet van die toonbrood wat vir priesters voorbehou was. Hy was die groot krygsman wat die vyand oorwin het, die mense gevestig; as koning het hy op die troon gesit. Hy was 'n profeet. Hy was 'n wonderlike tipe van Christus.

Nou in Jesaja 22:22,

En Ek sal die sleutel van die huis van Dawid op sy skouer lê; en Hy sal oopmaak, en niemand sal sluit nie; en hy sal sluit, en niemand sal oopmaak nie.

Die Gees gebruik die Ou Testament verwysing aangaande die Here Jesus Christus en Sy bediening in die kerk. Wat die sleutel van Dawid op daardie tydstip voorgestel het, was maar 'n skadu, wat nou vervul is in Jesus wat staan in die midde van die kandelare. Dit het te doen met ons Here NA Sy opstanding en nie Sy aardse pelgrimstog nie. Maar wat beteken hierdie sleutel? Die antwoord lê in die POSISIE van die sleutel. Dit is NIE in Sy hand nie. Dit word nie om Sy nek gedra nie. Dit is nie in die hande van ander mense geplaas nie, of anders sou die vers nie kon sê dat HY ALLEEN HET DIE GEBRUIK VAN DAARDIE SLEUTEL NIE—WANT HY ALLEEN OPEN EN SLUIT, EN GEEN MENS het daardie reg nie behalwe Jesus Homself. Is dit nie reg nie? Maar waar is die sleutel? DIT IS OP SY SKOUER. Maar wat het SKOUER daarmee te doen?

Lees Jesaja 9:6,

en die heerskappy is op sy skouer.

Maar wat beteken dit? Die antwoord is dit. Die frase: "heerskappy op Sy skouer" kom van die huweliks seremonie van die Ooste. Wanneer die bruid verbind is aan die Bruidegom dan vat sy haar sluier af en plaas dit oor die bruidegom se skouers, wat wys dat nie net is sy onder sy heerskappy nie—dat sy haar regte oorgee aan hom—dat hy die hoof is—maar ook dat hy die verantwoordelikheid dra en die sorg en dat HY EN HY ALLEEN—NIEMAND ANDERS—GEEN ANDER MAN—GEEN ANDER KRAG—HET ENIGE REG EN VERANTWOORDELIKHEID NIE. En dit, geliefde, is die SLEUTEL van Dawid. God seinde Soewerein, Hy het vooraf geweet deur Goddelike besluit presies wie in Sy bruid sou wees. Hy het haar gekies. Sy het Hom nie gekies nie. Hy het haar geroep. Sy het nie op haar eie gekom nie. Hy het vir haar gesterf. Hy het haar in Sy eie bloed gewas. Hy het die prys vir haar betaal. Sy behoort aan Hom en aan Hom alleen. Sy

is geheel aan Hom toevertrou en Hy aanvaar die verpligting. Hy is haar hoof, want Christus is die hoof van Sy kerk. Soos Sarah Abraham genoem het, Heer, selfs so is die bruid bly dat Hy haar Here is. Hy spreek en sy gehoorsaam want dit is haar behae.

Maar het mense ag gegee op hierdie waarheid? Het hulle Sy Persoon geag Wie alleen die volle soewereine outoriteit het oor Sy kerk? Ek sê: "NEE". Want in elke eeu is die kerk deur 'n hiërargie regeer—'n priesterskap—'n apostoliese opvolging—die deur van genade en guns toegemaak aan wie dit wil, en in plaas van om die liefde en die verantwoordelikheid van die kerk te aanvaar het dit met gulsige begeerte gejag op haar en haar vernietig. Die geestelikes het in weelde gelewe terwyl die arme kerk die doppe van mishandeling geëet het. En nie een eeu het anders gemaak nie. Elkeen het homself gebind aan organisasie en die regering geplaas op mans en het die kerk aan daardie regering toevertrou. As die mense waag om op te staan, was hulle brutaal onderdruk of uitgewerp. Elke denominasie het dieselfde gees. Elke denominasie sweer dat dit het die sleutel tot die regering van die kerk. Elke denominasie maak aanspraak dat dit die deur oopmaak. Maar dit is nie waar nie. Dit is Jesus en Jesus, alleen. Hy sit die lidmate in die Liggaam. Hy gee hulle, hulle bedieninge. Hy plaas die gawes tot haar beskikking. Hy gee om vir haar en lei haar. Sy is Sy eiendom alleen en Hy het geen ander een behalwe haar nie.

Hoe ver van die werklikheid is hierdie kerkeu waarin ons lewe. En eendag binnekort sal hierdie mans wat selfs nou bely dat hulle praat vir die kerk opkom in die ekumeniese beweging om 'n lewende antichris te plaas as die hoof van hulle organisasie wat die Here uitdryf en ons sal Hom (Christus) vind buite die kerk.

Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

Openbaring 3:20.

Maar laat ek dit sê. Ons Here is nie verslaan nie. Mense maak aanspraak om die deur oop te maak na God en daardie deur toe te maak, maar hulle is leuenaars. Almal wat die Vader Hom gegee het sal na Hom toe kom, en hy wat na Hom toe kom sal geensins uitgewerp word nie; Hy sal GEEN een van hulle verloor nie. Johannes 6:37-39. En wanneer daardie laaste gekose lidmaat van die liggaam van Christus inkom, dan sal ons Here verskyn.

Die sleutel van Dawid. Was Dawid nie die koning van Israel nie—die hele Israel? En is Jesus nie die Seun van Dawid nie volgens die feit dat Hy op die troon van Dawid sal sit in die millennium en regeer en heers oor Sy erfenis? Sekerlik. So die sleutel van Dawid dui aan dat dit is Jesus Wie die millennium sal inbring. Hy Wie die sleutels het van dood en hel sal Sy eie oprig dat hulle mag deel in Sy heerskappy van geregtigheid op die aarde.

Hoe wonderlik dat ons Here al die antwoorde het. Waarlik in Hom is al die beloftes van God vervul. Waarlik deur IN Hom te wees maak ons erfgename van wat Hy vir ons gekoop het.

Ja, daar staan Hy, die Here van Heerlikheid. Eenmaal as die Vader, was Hy omsingel deur die engele, die aartsengele, die gérubs, en serafs en die hele leër van die hemel wat uitroep, "Heilig, Heilig, Heilig is die Here God van Leërskaare". So was Sy heiligheid dat geen mens Hom kon benader nie. Maar nou sien ons Hom in die kerk, waar Hy Sy eie heiligheid met ons deel, totdat in Hom ons die einste geregtigheid van God word. Ja, en daar staan Hy: "Jesus, Volmaak Alles,"—Lelie van die Dal, die Helder- en Môrester, die Mooiste van Tienduisend, Alpha en Oméga, Wortel en Nageslag van Dawid, Vader, Seun en Heilige Gees—die Alles en in Alles.

Jesaja 9:6,

Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevoers

In Hom is perfekte vervulling. Hoewel ons Hom nie geag het nie, nou het ons Hom lief met onuitspreeklike vreugde en vol van glorie. In die midde van die kerk staan Hy, en ons sal Sy lof sing, want Hy die Sterke Oorwinnaar is die hoof oor die kerk wat Sy bruid is. Hy het daardie bruid gekoop. Hy besit haar. Sy is Syne en Syne alleen en Hy gee om vir haar. Hy is ons koning en ons is Sy koninkryk, Sy Ewige besitting.

Nou julle sal onthou dat aan die begin van vers 7, het ek gesê dat vers 9 ons sal help om dit te verstaan. Ek hoop julle het gesien wat ek bedoel het. Jesus het Homself voorgehou as Hy Wat heilig is, getrou, (of die enigste werklikheid) die Een met die sleutel van Dawid, die Een Wie oopmaak en sluit. En dit is presies waar. Daardie frases beskryf Hom perfek. Maar die Jode in Sy dag het Hom geweier en alles wat Hy was. Hulle het hulle Verlosser verwerp en alles wat Hy vir hulle beteken het. En die nominale Christen het nou dieselfde gedoen. Hulle het presies gedoen wat die Jode gedoen het. Die Jode het Hom gekruisig en het toe na die ware gelowige gedraai. Die nominale Christen het Hom opnuut gekruisig en

teen die ware kerk gedraai om dit te vernietig. Maar God is waar, en Hy Wie oor alles is sal terugkeer, en wanneer Hy dit doen sal Hy wys Wie die enigste Heerser is. En soos Hy Homself bewys aan die wêreld, en die hele wêreld buig voor Sy voete, op daardie tyd sal die hele wêreld buig voor die voete van die heiliges, wat sal bewys dat hulle reg was in hulle stand saam met Hom. Geseënd is God vir ewig!

Die Eeu Van Die Oop Deur

Openbaring 3:8,

Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.

Die eerste frase van hierdie vers: "Ek ken jou werke," is geanaliseer in die res van die vers, want hulle werke het te doen met 'die oop deur,' 'min krag,' 'die Woord en die Naam.'

Ten einde te verstaan die groot betekenis in "Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie," moet ons nou teruggaan oor wat gesê is oor elke eeu wat oorgaan in 'n ander eeu. Daar is 'n oorvleueling, 'n smelting of oorgaan in, eerder as 'n skielike einde en 'n onmiddellike begin. Hierdie eeu spesifiek vloei in die volgende eeu. En nie net vloei hierdie eeu in die laaste eeu nie, maar die laaste eeu is in baie opsigte net 'n aangaan van die sesde eeu. Die sewende eeu ('n baie kort tyd) maak bymekaar vir een vinnige werk, al die boosheid van elke eeu, maar tog al die werklikheid van Pinkster. Sodra die Filadelfiese Eeu omtrent sy gang gegaan het, kom die Laodicése Eeu gou in, en bring albei die onkruid en die koring tot oestyd,

Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur.

Mattheus 13:30.

Onthou, asseblief, dat die Sardese Eeu die hervorming begin het wat steeds moet voortgaan totdat die graan wat by Pinkster geplant is deur die volle siklus gaan van plant, natgooi, voedsel, ens., totdat dit reg terugkom na oorspronklike saad. Terwyl dit aan die gang is, sal die onkruid wat gesaai is deur hulle siklus moet gaan en ook geoes word. Dit is presies wat ons sien gebeur. As jy net aan die seisoene dink, kan jy 'n baie goeie prentjie hiervan kry. Die plant wat jy sien groei in volle krag in die somer en skielik verskyn dit met saad. Jy kan nie presies sê wanneer somer herfs word nie—dit het daarin vervaag. Dit is hoe die eeue is, en veral hierdie laaste twee.

Dit is van hierdie eeu wat Jesus sê: 'Ek kom GOU' vers 11. Dit maak die laaste eeu 'n baie kort een. Laodicéa is die eeu van die vinnige werk. Dit word kortgeknip.

Nou ons wil spesifiek bly by die OOP DEUR wat niemand kan sluit nie. Eerste van als wil ek uitwei oor die oop deur wat wys die yslike sendingpogings van daardie eeu. Paulus het 'n nuwe sendingpoging vir die Here 'n oop deur genoem.

II Korinthiërs 2:12,

"Maar toe ek in Troas gekom het om die evangelie van Christus te verkondig, hoewel 'n deur vir my in die Here geopen was."

So ons kan sien deur die vergelyking van Skrifte dat hierdie oop deur beteken die grootste verspreiding van die Evangelie wat die wêreld ooit gesien het.

Ek wil hê julle moet hier iets sien. God werk in drie's, doen Hy nie? Dit was in die derde of Pérgamese Eeu wat die kerk getroud was met die staat. Die dade van die Nikolaïete het die leerstellings van die Nikolaïete geword. Daardie eeu was die OOP DEUR vir die vals wingerdstok. Toe dit eers gerugsteun is deur die krag van die staat het dit eintlik 'n wêreld sisteem geword hoewel dit die naam, Christen gehad het. So dit het soos vuur versprei. Maar nou, drie eeue later, na 'n lang en harde stryd van geloof, hier kom die OOP DEUR van die waarheid. Die Woord van die Here het nou sy dag. Natuurlik het die vyfde eeu alles reggekry vir hierdie magtige beweging, soos daardie eeu ons die insig gegee het, kolonisasie, die druk van boeke, ens.

Dit sou wonderlik gewees het as hierdie 'geopende deur' die Goddelike patroon van Pinkster gevolg het wat uiteengesit is in Hebreërs 2:1-4, "Daarom moet ons des te meer ag gee op wat ons gehoor het, dat ons nie miskien wegdrywe nie. Want as die woord deur engele gespreek, onwankelbaar was, en elke oortreding en ongehoorsaamheid regverdige vergelding ontvang het, hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid verontagsaam wat, nadat dit eers deur die Here verkondig is, aan ons bevestig is deur dié wat dit gehoor het, Nou julle weet dat dit die patroon is vir Jesus, Homself, wat so gesê het.

Markus 16:15-20,

"En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.

Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg; In my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek,

slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.

Nadat die Here dan met hulle gesprek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God.

Maar hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het saamgewerk en die woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het. Amen."

Hy het nooit vir hulle gesê om in die hele wêreld te gaan en Bybel kolleges op te rig nie; nog het Hy gesê hulle moet literatuur uitgee. Nou daardie dinge is goed, maar wat Jesus vir hulle gesê het om te doen was om die EVANGELIE TE PREEK— bly by die WOORD — en dan sal die tekens volg. Die eerste eerste voorstelling wat ons het van die manier wat die Koninkryk van God gepreek moes word was toe Hy die twaalf uitgestuur het. In Mattheüs 10:1-8, het Hy opdrag gegee en hulle onderrig op hierdie wyse,

"En Hy het sy twaalf dissipels na Hom geroep en aan hulle mag gegee oor onreine geeste, om hulle uit te dryf en om elke siekte en elke kwaal te genees.

En dit is die name van die twaalf apostels: die eerste Simon wat Petrus genoem word, en Andréas, sy broer; Jakobus, die seun van Sebedeus, en Johannes, sy broer;

Filippus en Bartholoméüs; Thomas en Mattheüs, die tollenaar; Jakobus, die seun van Alféüs, en Lebbéüs wat genoem word Thaddéüs;

Simon Kananites en Judas Iskariot, die een wat Hom verraai het.

Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en hulle bevel gegee en gesê: Moenie gaan op pad na die heidene nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie;

maar gaan liever na die verlore skape van die huis van Israel.

En gaan preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom..

Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee."

Hierdie bediening wat Hy hulle gegee het was eintlik Sy eie bediening wat Hy met hulle gedeel het, want dit sê in Mattheüs 9:35-38,

"En Jesus het by al die stede en en dorpe rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees.

En toe Hy die skare sien, het Hy innig jammer gevoel vir hulle, omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie.

Toe sê Hy vir Sy dissipels: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur."

Nou baie mense het die idee dat net die apostels hierdie bediening gegee is deur ons Here Jesus, en so toe hulle gesterf het, was die bediening verby. Dit is nie so nie.

Hier in Lukas 10:1-9, vind ons dat in die dae van Sy aardse verblyf het Hy alreeds begin om bedienings van krag aan Sy eie te gee.

"En ná hierdie dinge het die Here weer sewentig ander aangestel, en hulle twee- twee voor Hom uit gestuur na elke stad en plek waar Hy sou kom.

Hy sê toe vir hulle: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes dat Hy arbeiders in Sy oes uitstuur.

Gaan dan; kyk, Ek stuur julle soos lammers onder wolwe.

Moenie 'n beurs of 'n reissak of skoene dra nie, en groet niemand op die pad nie.

En in watter huis julle ook al mag ingaan, sê eers; Vrede vir hierdie huis!

En as dáár 'n man van vrede is, sal julle vrede op hom rus; anders sal dit tot julle terugkeer.

Bly dan in daardie selfde huis en eet en drink wat hulle het, want die arbeider is sy loon werd. Moenie van huis tot huis gaan nie.

En in watter stad julle ook al mag ingaan en hulle julle ontvang, eet wat aan julle voorgesit word.

En maak die siekes gesond wat daarin is, en sê vir hulle: Die koninkryk van God het naby julle gekom."

Wie sal waag om die magtige bediening van Filippus te ontken? Wie sou waag om die magtige bedienings van Irénaeus, Martin, Columbus, Patrick en ontelbare hoeveelheid van ander te ontken wat God se salwing op hulle gehad het?

Ja. Die Bybel weg is die ware manier van die oop deur. En ek wil my getuienis daarby voeg. Die rede waarom ek dit moet doen is omdat ek slegs met versekering kan praat oor wat God in my eie lewe gedoen het. So as julle 'n persoonlike opmerking hier sal verskoon ek kan julle sê hoe ek weet verseker dat Jesus is dieselfde gister en vandag en vir altyd en dat die krag van God steeds beskikbaar is vir diegene wat sal glo en ontvang.

Gedurende my sending besoek aan Suid-Afrika, het God dit so geseën dat toe ek by Durban aankom die enigste plek wat die mense kon akkomodeer was die tweede grootste reisesbaan in die wêreld. Die skare was meer as 100,000. Ten einde die wet te behou en orde moes hulle heinings opsit om die verskillende stamme te skei. Hulle het honderde polisiemanne geplaas om die gedrang te beheer. Daardie honger siele het van baie ver myle gekom. 'n Koningin het met 'n trein gekom vanaf Rhodesië met 27 treintrokke wat gelaai was met inboorlinge. Hulle het oor die velde en berge gesukkel met geliefdes soms op hulle rûe vir baie myle wat hulp nodig gehad het. Die hele land was geroer deur die magtige werke wat deur die Heilige Gees gemanifesteer is.

Een middag terwyl ek begin preek het, het een van die duisende Mohammedane opgeklim op die platvorm. Soos sy voor my gestaan het, het 'n sendeling van die Mohammedane saggies begin om die Here te smee, "O, vir daardie kosbare siel. O, vir daardie kosbare siel." Hy was daar vir jare en jare, en volgens sy eie getuienis, het hy net EEN Mohammedaan gesien wat Jesus Christus as Verlosser ontvang het. Hulle was oorspronklik die Medo-Perse wie se wette nie verander nie. Hulle is so moeilik om te wen. Dit is soos "eens 'n Mohammedaan altyd 'n Mohammedaan" is wet onder hulle.

Wel, soos sy voor my gestaan het, het ek met haar begin praat en ook met al daardie duisende deur die tolke. Ek het gesê: "Is dit nie so dat die sendelinge vir jou vertel het van 'n JESUS Wie gekom het om jou te red nie?" Julle moes die mense sien kyk na mekaar toe ek dit gesê het. Toe hulle beantwoord het dat dit korrek was het ek voortgegaan en gesê: "Maar het die sendelinge vir julle gelees uit hierdie Boek (ek het my Bybel opgehou vir hulle om te sien) dat hierdie selfde Jesus 'n magtige geneser was, en dat Hy in Sy mense sou lewe deur die eeue totdat Hy weer kom om hulle vir Homself te ontvang? Het hulle vir julle vertel dat as gevolg van daardie selfde Gees in hulle wat in Jesus was dat hulle in staat sou wees om magtige werke te doen net soos Jesus gedoen het? Het hulle vir jou gesê dat jy genees kan word, net soos jy gered kan word? Hoeveel van julle sou graag hierdie selfde Jesus wou sien afkom tussen ons en dieselfde dinge doen wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was lank gelede?" Hulle wou dit almal hê. Dit is een ding waarop hulle sekerlik ooreengestem het.

Ek het toe voortgegaan: "As Jesus deur Sy Gees sal doen wat Hy gedoen het toe Hy op die aarde was sal jy dan Sy Woord glo?" En hier was daardie Mohammedaanse vrou voor my. Die Gees het deur my begin beweeg.

Ek het vir haar gesê: "Nou, jy weet dat ek jou nie ken nie. Ek kan nie eers jou taal praat nie." Sy het dit erken. Ek het gesê: "Om jou te genees, jy weet ek kan nie. Maar jy het die boodskap vanmiddag gehoor en my verstaan." Haar Indiaanse tolk het vir haar geantwoord dat sy verstaan, want sy het die Nuwe Testament gelees.

Nou die Mohammedane is afstammelinge van Abraham. Hulle glo in Een God. Maar hulle verwerp Jesus as die Seun van God en in plaas daarvan neem hulle Mohammed as Sy profeet. Hulle sê dat Jesus nooit gesterf en weer opgestaan het nie. Hulle word dit geleer deur hulle priesters en hulle glo dit.

Ek het gesê: "Maar Jesus het gesterf en weer opstaan. Hy het Sy Gees teruggestuur op die kerk. Daardie Gees wat in Hom was is dieselfde Gees in die kerk nou en Dit kan en sal produseer wat Jesus geproduseer het.

Hy het in Johannes 5:19 gesê,

"die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so."

Nou dan, as Jesus sal kom en aan my openbaar wat jou probleem is of waarvoor jy hier is—as Hy my kan sê wat jou verlede is, kan jy sekerlik glo vir die toekoms?"

Sy het gesê deur haar tolk: "Ja, ek kan."

Ek het gesê: "Goed, mag Hy dit doen."

Daardie Mohammedane het aandagtig gekyk. Hulle het almal vooroor geleun om te sien wat sou gebeur.

Toe het die Heilige Gees gespreek: "Jou man is 'n kort, gesette man, met 'n swart snor. Jy het twee kinders. Jy was by die dokters omtrent drie dae gelede en hy het jou ondersoek. Jy het 'n gewas op die baarmoeder."

Sy het haar kop gebuig en gesê: "Dit is waar."

Ek het haar gevra: "Hoe is dit dat jy na my toe gekom het, 'n Christen? Waarom het jy nie na jou Mohammedaanse profeet gegaan nie?"

Sy het gesê: "Ek dink jy kan my help."

Ek het gesê: "Ek kan jou nie help nie, maar as jy Jesus Christus ontvang as jou Verlosser, Hy Wie nou hier is, en alles van jou weet, Hy sal jou help."

Sy het gesê: "Ek aanvaar Jesus as my Verlosser." Dit het dit gedoen. Sy was genees en omtrent tienduuisend Mohammedane het na Christus gekom daardie dag omdat die Evangelie gepreek is in beide Woord en krag. God het nooit vir 'n man gesê om dertig jaar te werk en niks oes nie. Hy het ons die oop deur gegee van Woord en krag en dit is wat ons veronderstel is om te gebruik. Dit is wat Paulus sy groot en effektiewe bediening gegee het. I Korinthiers 2:4: "en my rede en my prediking was nie in oordedende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag."

Luister nou na my. Dit was terwyl ek op dieselfde reis was wat ek op 'n vliegtuig geklim het in New Salisbury, Rhodesië, en ek 'n groep van vier gesien het met Amerikaanse paspoorte. Ek het na hulle toe gegaan en gesê: "Hello daar, Ek sien julle het Amerikaanse paspoorte. Reis julle iewers heen?"

Die jongman het my geantwoord: "Nee, ons is almal sendelinge hier."

"Hoe goed," het ek geantwoord. "Is julle op julle eie of werk julle met een of ander organisasie?"

"Ons is Metodiste. Ons kom van Wilmore, Kentucky," het hy gesê.

"Wel, dit is amper in my agterplaas," het ek geantwoord.

"Jy sou nie daardie Broer Branham wees wat van daaraf kom nie, sou jy?"

Ek het gesê: "Ja, dis reg." Dit het hom genees. Hy het nie nog 'n ding gesê nie—en hoe hy en daardie drie meisies net teruggekyk het en heen en weer na mekaar gekyk het. Toe het ek gesê: "Net 'n oomblik seun, ek wil graag met julle almal praat oor sommige beginsels, siende dat ons almal Christene is en hier is vir 'n goeie doel. Nou julle sê dat julle al vier twee jaar hier was. Kan julle sê in die Naam van Jesus dat jy jou vinger op een siel kan plaas wat jy weet jy het gewen vir die Here?" Hulle kon dit nie doen nie.

"Ek wil nie julle gevoelens seermaak nie, meisies," het ek gesê: "maar julle behoort almal tuis te wees besig om julle mammas te help met die skottelgoed. Julle het geen besigheid uit op die veld nie behalwe as jy gevul is met die Heilige Gees en die ware Evangelie preek in die demonstrasie van die krag van die Heilige Gees. As julle nie die resultate sien wat Jesus gesê het julle sou sien nie, is dit omdat julle nie die ware Evangelie verkondig nie."

Laat my 'n tree verder gaan en julle wys net hoe dinge op die veld kan wees. Ek sê nie dit is alles so nie, maar ek is bang te veel van dit is. Dit was terwyl ek op hierdie selfde reis was en getoer het rondom Durban met die burgemeester wat ek 'n inboorling gesien het met 'n kaart om sy nek en hy het 'n afgod gedra. Ek het my vriend gevra waarvoor daardie kaart was en hy het gesê dat as 'n inboorling Christendom aanvaar dan sit hulle 'n kaart aan hom. Dit het my sekerlik verbaas, want hier was 'n man wat homself 'n Christen noem en hy dra daardie afgod, so ek het gevra hoe dit kon wees.

Hy het gesê: "Ek kan sy taal praat. Laat ons oorgaan en met hom praat."

So ons het gegaan en die burgemeester het opgetree as my tolk. Ek het die inboorling gevra of hy 'n Christen is. Hy het bevestig dat hy sekerlik 'n Christen was. Ek het toe gevra waarom hy die afgod gedra het as hy 'n Christen is. Hy het geantwoord dat dit 'n afgod was wat sy pa gedra het en hy het dit vir hom gelos. Toe ek vir hom sê dat geen Christen behoort 'n afgod te dra nie het hy geantwoord dat hierdie afgod was tot groot voordeel vir sy vader. Ek was nuuskierig om te weet hoe, en hy het gesê dat sy vader eendag bekruipt is deur 'n leeu, so hy het 'n vuur gemaak en het gepraat met die afgod soos wat hy geleer is deur die toordokter. Die leeu het weggegaan. Ek het hom ingelig dat dit die vuur was wat die leeu weggejaag het want vuur maak wilde diere bang. Ek sal nooit sy antwoord vergeet nie. Hy het gesê: "Wel, dit is so, as Amoyah (die Gees) faal, dan sal hierdie afgod nie."

('n Gespesifiseerde berig van die Afrika veldtog kan gevind word in die boek: "'n Profeet Besoek Afrika.")

Dit is net omtrent al die krag wat die Christelike menigtes het omdat die Woord nie aan hulle gebring is deur die oorspronklike oop deur van Pinkster nie.

Nou om terug te kom na die oop sendingdeur van die Filadelfiese Eeu. Dit het nie die oop deur van krag gehad wat dit moes gehad het nie. Merk in dieselfde vers maak Hy melding van hierdie oop deur. Hy sê: "Jy het min krag". Dit is reg. Die KRAG van die Gees het ontbreek in daardie eeu. Die Woord was goed gepreek. Dit was wel moontlik om siele wys te maak vir redding. Maar die groot krag van God wat Sy magtige werke gewys het, wat Sy arm leeg gemaak het ten opsigte van Sy eie het ontbreek behalwe tussen die verspreide groepe. Tog, prys God, dit het gegroei en het vermenigvuldig meer as wat hulle in die Reformasie gehad het.

Dit was in hierdie eeu dat die man wat ons dikwels noem die vader van sendingwerk wat uitgegaan het. William Carey, 'n dorp skoenmaker, wat prediker was by die Spesifieke Baptiste Kerk by Moulton, Engeland, het die mense opgeswee deur te preek van: "of die bevel wat aan die Apostels gegee is om alle nasies te leer nie verpligtend was vir die opvolgende predikers tot aan die einde van die wêreld nie, siende dat die gepaartgaande belofte ewe veel was." Hy is beveg deur die Calviniste wat na die uiterste van die uitverkiesingsleer gegaan het en geglo het dat almal wat gered sal word SAL gered word en sendingwerk sou teen die werk van die Gees wees. Maar Andrew Fuller het Mnr. Carey gehelp deur sy prediking en fondsinsameling. So was hulle effek dat 'n vereniging gestig was om die Evangelie te versprei aan al die nasies, in 1792. Hierdie vereniging het Carey uitgestuur wat merkwaardig geseën was deur God met die oorwinning van siele in Indië. In 1795 het 'n opgewekte Christenskap die London Sending Genootskap gevorm wat ons wel weet het miljoene ponde ingesamel, en duisende sendelinge oor die jare uitgestuur om die begeertes van die Here tot stand te bring. Die Gees van God het beweeg en "Ander Skape" kon wel die uitroep van die harte van daardie ywerige gelowiges gewees het.

"*Ek het voor jou 'n oop deur gesit.*" Ek wil weer na hierdie woorde kyk. Hierdie keer, hoewel ek hulle nie gaan skei van sendings nie, gaan Ek vir julle 'n gedagte bring wat diep in die laaste eeu ingaan. Soos ek alreeds gemeld het, hierdie eeu smelt oor in die laaste eeu in. Dit was in hierdie eeu wat Jesus gesê het: "Ek kom vinnig" (vers 11), en van die laaste eeu sou Hy "die werk voltooi en dit kortknip in geregtigheid; want 'n kort werk sal die Here maak op die aarde." Romeine 9:28. Merk hoe hierdie vers van Openbaring 3:8 gaan—"oop deur—min krag, Woord, Naam." Daardie oop deur het te doen met al drie. Nou wat beteken die deur?

In Johannes 10:7, sê dit,

"Jesus het toe weer vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, EK IS DIE DEUR VAN DIE SKAPE."

Dit is reg: 'EK IS' IS die deur van die skape. Nou dit is nie net 'n sonderlinge uitdrukking nie. Dit is werklik so. Merk in Johannes 10 wanneer Jesus hierdie gelykenis gee, noem Hy Homself die herder. Dan noem Hy Homself die deur. En dit is wat die herder is vir die skape. Hy is in werklikheid hulle deur.

Toe ek daar in die Ooste was het ek gesien dat in die aand sou die herder al sy skape bymekaar maak. Hy sou hulle in die kraal sit. Dan sou hy hulle tel. As hy seker was dat hulle almal in is, sou hy lê in die oop deel van die kraal en letterlik die deur word van die kudde. Niemand kon inkom of uitgaan behalwe deur hom nie. Hy was die deur. Die volgende dag terwyl ek saam met 'n vriend in 'n jeep gery het, het ek opgelet dat 'n skaapwagter sy kleinvee in die stad begin lei het. Onmiddelik kom die verkeer tot stilstand sodat die skape kon deurgaen. Nou die stede in die Ooste is nie soos hulle hier is nie. Ons hou al ons handelsware binne; maar daar, is dit soos 'n groot boere mark met al die produkte op die sypaadjie vir die mense om te sien en te koop. Ek het gedink: "O goeiste, hier is waar die oproer begin. Wag tot daardie skape al daardie kos daar sien." Maar, soos die herder voortgegaan het, het daardie skape net presies in elke voetstap gevolg. Hulle sou kyk na die kos, maar nie 'n skaap het 'n ding aangeraak nie. O, as ek net hulle taal kon praat, sou ek myself die verkeer gestop het en vir hulle 'n preek gepreek het oor wat ek pas gesien het.

Wanneer julle skape is wat aan die Groot Herder behoort, dan volg jy reg in elke treë van Sy voete, net soos daardie skape het. Jy sal nie in die versoeking wees om vir een of ander groot blom van 'n kerk te draai nie, of na die stem te luister van een of ander D.D. of Ph.D. of L.L.D. nie, maar jy sal by die Herder bly. Die Bybel sê dat die skape ken Sy stem en hulle volg HOM, maar 'n vreemdeling se stem sal slegs veroorsaak dat hulle sal vlug en agter hulle ware Herder gaan. Prys God.

Maar dit was nie al wat ek gesien het en geleer het daar nie. Een dag het ek begin dink aan mans wat ek gesien het buite besig in die lande om ander verskillende diere te versorg. Een sou agter 'n paar varke kyk, 'n ander bokke, 'n ander kamele, 'n ander muile, ens. Toe het ek 'n vriend wat daar gewoon het gevra, wat hulle daardie manne noem. "O," het hy geantwoord: "hulle is herders."

Ek kon dit nie verstaan nie. Ek het gesê: "Jy bedoel nie om te sê hulle is ALMAL herders nie. Skaapwagters kyk net agter skape, nie waar nie?"

"Nee," het hy gesê: "'n wagter is 'n herder of laat hulle wei, so enigeen wat diere laat wei is 'n herder."

Wel, dit het my verbaas. Maar ek het 'n verskil gesien tussen daardie herders en dié wat vir die skape gesorg het. As dit aand word het al die ander behalwe die herders van die skape sy diere laat gaan in die veld en huis toe gegaan. Die herder het sy skape saam met hom gevat, en hulle in die kraal gesit en toe gaan lê in die deur van die skaapkraal. O, prys God, ons Herder verlaat ons nooit of versaak ons nie. Wanneer die aandtyd kom wil ek in Sy kraal wees. Ek wil in sy sorg wees.

Nou dan, ons kan sien dat JESUS IS DIE DEUR. Hy is die deur van die skape. En let op dat dit nou praat van die DEUR WAT OOPMAAK. Wat is dit behalwe 'n openbaring van Hom? En daardie Openbaring maak oop om ons Krag te bring, om die Woord te verlig en Sy Naam te verheerlik. Dit was in die midde van die twee laaste eeue wat die Openbaring van die Godheid van Jesus Christus geblom het voor ons. Ja, ons het geweet Hy was God. Hoe anders kon Hy ons Verlosser wees? Maar om te weet dat Hy was NET GOD, OF GOD ALLEEN, dat Hy die Alfa en die Oméga was, dat hierdie "Jesus was BEIDE HEER EN CHRISTUS—MAAK HOM HERE JESUS CHRISTUS, DIE VADER, DIE SEUN EN HEILIGE GEES, ALMAL EEN PERSOON—dit was verlore sedert die eerste kerk eeue, maar nou sien ons dit weer. Die openbaring van WIE HY WAS het teruggekom. Inderdaad Godheid is nie 'n drie-persoon God met een persoonlikheid nie, want dit neem persoonlikheid om 'n persoon te maak. As daar EEN persoonlikheid is, dan is daar net een persoon. Maar die wat glo in drie persone het 'n drie god Godheid wat skuldig is aan die breek van die eerste gebod.

Maar die openbaring van Godheid is terug. Nou kan die ware kerk weer in krag bou. Na al hierdie tyd weet sy uiteindelik Wie haar Here is. Weereens doop ons IN DIE NAAM VAN DIE HERE JESUS net soos wat hulle by Pinkster gedoen het.

Laat my vir julle vertel van 'n God-gegewe droom wat ek gehad het oor drie-eenheid doop. Hierdie was nie 'n visioen nie, maar 'n droom. Julle weet, ek is seker, dat een van die seëninge van die kerk eeue was om drome te ontvang deur die Heilige Gees, net soos een visioene kan ontvang. Dit was omtrent 3 v.m. op 'n Saterdagoggend. Ek het net opgestaan om vir Joseph 'n bietjie water te kry. Toe ek gaan lê het, het ek onmiddellik aan die slaap geraak en hierdie droom gedroom. Ek het 'n man gesien wat veronderstel was om my pa te wees. Hy was 'n baie groot fris man. Ek het ook 'n vrou gesien wat veronderstel was om my ma te wees, maar sy het nie gelyk soos sy nie, selfs soos die man nie soos my pa gelyk het nie. Hierdie man was baie gemeen met sy vrou. Hy het 'n groot knuppel gehad met drie hoeke daarop. Julle weet wanneer jy 'n stomp vat en dit op die end sit en dit met 'n byl kap, dit maak 'n drie-hoek stuk hout vir 'n vuur. Dit was soos dit. Hy sou hierdie knuppel vat en haar daarmee slaan, en haar neerfel. Soos sy daar lê en huil, sou hy rondloop met sy bors uitgestoot en op sy gesig was so 'n trotse, aanmatigende kyk dat hy gelyk het of hy so trots was en tevrede was om 'n arme vroutjie te slaan. Elke keer wat sy probeer het om op te kom, sou hy haar slaan. Ek het nie gehou van wat hy gedoen het nie, maar soos ek gedink het om hom te stop, het ek gedink: "Ek kan nie daardie man takel nie—hy is te groot. Dan is hy veronderstel om my pa te wees." Maar diep binne het ek geweet hy was nie my pa nie, en ek het geweet dat geen man die reg het om 'n vrou so te behandel nie. Ek het soontoe gegaan en hom aan die kraag gegryp en hom omgedraai en gesê: "Jy het geen reg om haar te slaan nie." En toe ek dit sê het my spiere gegroei en ek het soos 'n reus gelyk. Die man het dit gesien en toe was hy bang vir my. Ek het gesê: "Slaan haar weer en jy sal met my moet reken." Hy het geaarsel om haar weer te slaan, en toe het die droom geëindig.

Ek het onmiddellik wakker geword na die droom. Ek het gedink, hoe vreemd was dit. Ek het gewonder waarom ek oor daardie vrou gedroom het, toe skielik het Hy gekom, en die teenwoordigheid van God het aan my bekend geword en die interpretasie van die droom het van Hom af gekom. (Nou julle mense weet dat nie net het ek julle drome uitgelê nie; maar ek het baie, baie keer, vir julle gesê wat julle gedroom het en julle dit nooit eers vir my moes sê nie.) Die vrou verteenwoordig die kerk van die wêreld vandag. Ek was gebore reg in hierdie gemors—die gemors waarin sy is. Sy was veronderstel om 'n soort van

moeder te wees (sy is die moeder van hoere). Haar man is die denominasies wat haar regeer. Die driehoek blok is vals drie-enige doop tot die drie-eenheid. Elke keer wat sy begin opstaan het (dit beteken die gemeentes het begin om die waarheid te aanvaar) sou hy haar reguit neerfel met daardie vals doktriene. Hy was so groot dat ek bang was vir hom in die begin, maar toe ek teen hom kom het ek gevind dat ek groot en magtige spiere gehad het. Hulle was GELOOF SPIERE. Die uitleg van die droom was dat: "want God is met my, en my sulke krag kan gee, dan laat ek opstaan vir haar teen die denominasionele krag van die wêreld en hom stop om haar neer te slaan."

Nou ek probeer nie 'n doktriene te bou oor 'n droom nie. Nog probeer ek om enige leerstelling te regverdig wat ek by staan oor 'n droom. Eenheid van die Godheid is regdeur van Génesis 1:1 tot Openbaring 22:21. Maar die mense is verblind deur 'n onskriftuurlike dogma van 'n drie-eenheid, en daardie dogma is so universiël aanvaar dat om te probeer om 'n "Een God Persoon" te sien is omtrent onmoontlik. As mense nie die WAARHEID van die Godheid kan sien nie, maar dit beveg; dan kan hulle nie die res van die waarheid sien nie want die OPENBARING IS JESUS CHRISTUS IN SY KERK EN SY WERKE IN DIE MIDDE VAN DIE KERK VIR DIE SEWE EEU. Het julle dit gekry? Nou ek is seker julle verstaan.

"want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie." Nou ons het alreeds genoem hoe die krag teruggekeer het. Dit was. Die krag van die inkwisisie het verswak. Mense het hulle tuislande verlaat en het 'n vryheid van aanbidding geëis. Die juk van die hiërgargie was gebreek. Die regerings het dit wys gevind om nie een segment teen die ander op te werk nie. In werlikheid, goed bedoel maar swak geleide mense was gewillig om oorlog te voer om hulle godsdienstige regte te verdedig. Miskien die grootste bewys van krag van godsdien in hierdie eeu was die feit, dat hoewel Frankryk in rewolusie geval het, het die groot Wesley herlewing die rewolusie weggehou van Brittanje en haar gered om 'n instrument in die hand van God te wees vir baie glorieryke jare.

Die prediking van die Woord was nooit groter nie. Soos Satan sy hordes van vry denkers opgerig het, soos die skeppers van kommunisme opgekrom het, soos liberale teoloë hulle vieslike dinge versprei het, het God magtige strydere van geloof opgerig, en die grootste werke van Christelike literatuur en verkondiging het van hierdie era af gekom. Nooit was daar ooit weer sulke predikers en leraars nie en sal ook nie wees nie. Die Spurgeons, Parkers, McClrens, die Edwards, Bunyans, Meullers, Brainards, Barnes, Bishops, hulle almal het gekom van hierdie era. Hulle het gepreek, geleer en die Woord geskryf. Hulle het Sy Naam verheerlik. Die Oordeel Van Die Vals Jood

Die Oordeel van die Valse Jood

Openbaring 3:9.

"Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg—Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het."

Nou ons kan onmiddellik oplet dat hierdie probleem van die vals Jood of vals gelowiges alreeds bestaan het in die tweede eeu. Hierdie wat hulleself valslik Jode genoem het, het hulle verskyning gemaak reg na die eerste uitstorting van die eerste eeu, en nou verskyn hulle weer in die tweede eeu na die hervorming. Hierdie is nouliks 'n ongeluk. Inderdaad, dit is nie 'n ongeluk nie. Dit is 'n beginsel van Satan. Daardie beginsel is om te organiseer en op oorsprong aanspraak te maak en is daarom geregtig op spesiale regte en voorregte. Laat ek julle wys. Terug daar in die Smirnaese Eeu het hierdie mense gelieg en gesê hulle was werklik Jode (of gelowiges) terwyl hulle definitief nie was nie. Hulle was van die sinagoge van Satan. Hulle was Satan se georganiseerde groep, want dit was in daardie eeu wat ons die begin gesien het van mense in die bediening het ongeregverdigde leierskap gevat oor hulle prekende broers. (Biskoppe gesit in distrikte, oor ouderlinge). Die volgende ding wat ons gesien het was dat in die derde eeu was daar definitief 'n plek genaamd "Satan se sitplek". Daardie eeu het ons kerk en staat huwelik gegee. Met die krag van die staat agter haar was die kerk letterlik fisies onoorwinlik.

Maar God het daardie houvas gebreek ten spyte van die krag van die staat en die hervorming het groot lig gebring. Maar wat het gebeur? Die Lutherane het georganiseer en het by die staat aangesluit en weereens sien ons die sinagoge van Satan gemanifesteer in hierdie sesde eeu. Nou natuurlik hierdie sinagoge-groep sal nie sê hulle is van Satan nie. Nee meneer. Hulle sê hulle is van God. Maar hulle lieg. Want hy wat 'n ware Jood is (dit is wat hulle beweer om te wees) is een wat 'n Jood innerlik is—in die Gees. So as hulle vals Jode is beteken dit dat hulle soos Judas 19 sê: "het NIE die Gees nie". Kinders van God word gebore uit die Gees. Hierdie het nie die Gees nie en daarom is hulle NIE kinders van God nie maak nie saak hoe vurig hulle protesteer en tot watter uiterstes hulle gaan om te probeer bewys hulle is nie. Hulle is DOOD. Hulle is kinders van organisasie, en die ware vrugte is afwesig. Hulle is gebou op hulle eie geloofsbelydenisse, dogmas en doktrienes en die waarheid is nie in hulle nie want hulle het hulle eie planne bo die Woord van God gevat.

Laat ek julle wys wat ek probeer het om julle die healtyd te leer van die twee wingerdstokke wat kom van twee verskillende geeste. Neem die voorbeeld van Jesus en Judas hierdie keer. Jesus was die

Seun van God. Judas was die seun van die verderf. God het in Jesus ingegaan. Satan het in Judas ingegaan.

Jesus het 'n vol Heilige Gees bediening gehad want

"met betrekking tot Jesus van Násaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was."

Handelinge 10:38. Dit sê

"want hy (Judas) is saam met ons getal gereken en het die lot van hierdie bediening verkry."

Handelinge 1:17. Mattheus 10:1,

"En Hy het sy twaalf dissipels na Hom geroep en aan hulle mag gegee oor onreine geeste, om hulle uit te dryf en om elke siekte en elke kwaal te genees."

Daardie gees wat in Judas was het regdeur die bediening van Jesus gegaan. Toe het hulle albei by die kruis gekom. Jesus was gehang aan die kruis, het blymoedig sy Lewe vir sondaars gegee en het Sy Gees tot God toevertrou. Sy Gees het na God gegaan en is toe uitgestort in die kerk met Pinkster. Maar Judas het homself gehang en sy gees het teruggegaan na Satan, maar na Pinkster het dieselfde gees wat in Judas was teruggekom na die vals wingerdstok wat reg saam met die ware wingerdstok groei. Maar let op, Judas se gees het nooit by Pinkster uitgekom nie. Dit het nooit opgegaan om die Heilige Gees te ontvang nie. Dit kon nie. Maar waarvoor het daardie Judas gees gegaan? Dit het gegaan vir die sak goud. Hoe lief was dit vir geld. Dit het steeds geld lief. As dit rondgaan in die Naam van Jesus en magtige dinge doen en groot byeenkomste hou, dan maak dit steeds meer geld en geboue, en opvoeding en alles met 'n materiële konsep. Kyk net na daardie gees wat op hulle is en moenie mislei word nie. Judas het rondgegaan soos een van die twaalf en hy het wonderwerke gedoen, ook. Maar hy het NIE die Gees van God as sy eie gehad nie. Hy het 'n bediening gehad. Hy het nooit by Pinkster gekom nie omdat hy nie ware saad was nie. Hy was nie 'n ware kind van God nie. Nee meneer. En dit is daardie manier reg nou in die sinagoge van Satan. Moet nie mislei word nie. Jy sal nie mislei word as jy van die ware uitverkorenes is nie. Jesus het gesê jy sou nie mislei word nie.

Ja, hierdie mense sê hulle is Christene maar hulle is nie.

"Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig, en erken dat Ek jou liefgehad het."

I Korinthiers 6:2,

"Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie?"

Nie alleen sal daar twaalf apostels op twaalf trone wees wat die twaalf stamme van Israel sal oordeel nie maar die heiliges, ook, sal die wêreld oordeel. Dit is wanneer hulle wat aanspraak maak om aan God te behoort en aanspraak maak dat God hulle liefhet presies sal uitvind wie die kind van God is en wie geliefd is deur die Seun. Ja, daardie dag kom wanneer dit gemanifesteer sal word. Hierdie wat nou die wêreld in 'n mate regeer, en wie gedurende die laaste eeu 'n beeld bou aan die dier waardeur hulle werklik die wêreld sal regeer, sal eendag nederig word wanneer Jesus kom met Sy heiliges om die wêreld te oordeel in geregtigheid. Dit is presies wat ons in Matthéüs 25 gesien het wanneer "ALMAL" die wat die eerste opstanding gemis het voor die Regter sal staan en Sy bruid.

Die Lofrede En Die Belofte

Openbaring 3:10,

"Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel."

Wat bedoel Hy deur die "woord van Sy geduld?" Hebreërs 6:13-15. *"Want toe God aan Abraham die belofte gegee het, het Hy, omdat Hy by geen meerdere kon sweer nie, by Homself gesweer en gesê: "Voorwaar, Ek sal jou ryklik seën en jou grootliks vermeerder. En so het hy die belofte verkry nadat hy geduldig gewag het."* Julle sien die Gees praat oor die Woord van God wat vir ons gegee is. Om te wag vir die vervulling van daardie Woord het geduld vereis selfs soos dit het in die geval van Abraham was. Hy het verduur terwyl Hy gesien het Wie onsigbaar is. Hy was geguldig en so is die Woord uiteindelik vervul. Hierdie is die manier waarop God Sy mense geduld leer. Want, as Hy Sy Woord in fisiese manifestasies vervul die spesifieke oomblik wat jy bid, sou jy nooit geduld leer nie, maar sou selfs meer ongeduldig word met die lewe. Laat ek julle hierdie waarheid wys nog meer uiteengesit.

Hebreërs 11:17,

"Deur geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, (die Woord van God) het sy eniggeborene geoffer."

Daar is dit: Abraham was getoets NADAT hy die Woord van Belofte ontvang het. Meeste dink dat sodra ons bid in Jesus se Naam oor die goeie beloftes van God dat daar nie 'n toets kan wees nie. Maar hier sê dit dat Abraham beproef is nadat hy die belofte ontvang het.

Dit is presies korrek volgens die Psalm skrywer wat verwys na Josef, 105:19,

"Tot op die tyd dat sy woord uitgekom het, die woord van die Here hom beproef verklaar het."

God gee ons baie groot en kosbare beloftes. Hy het belowe om hulle te vervul. Hy sal. Maar van die tyd wat ons bid tot die tyd dat ons die antwoord kry moet ons leer om geduld te ontvang in ons siele want slegs in geduld besit ons lewe. Mag God ons help om hierdie les te leer soos wat ons weet die mense van hierdie sesde eeu geduld geleer het. Ons het die geskiedenis van die lewens van hierdie groot Christene gelees; wat 'n kontras sien ons tussen hulle lewens en ons s'n want hulle was so geduldig en stil, en vandag is ons almal omtrent oorwin met ongeduld en haas.

Hy gaan voort om vir hulle te sê: *"Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel."* Nou hier sien ons weer die twee eeue oorvleuel; want hierdie belofte het te doen met die einde van die Heidense periode wat toppunt bereik in die Groot Verdrukking.

"sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom, om die bewoners van die aarde op die proef te stel." Hierdie vers is nie 'n verklaring dat die ware kerk sal ingaan en deur die verdrukking gaan nie. As dit so beteken het sou dit so gesê het. Maar dit het gesê: *"sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing."* Hierdie versoeking is presies soos die versoeking in Eden. Dit sal 'n baie aanloklike proposisie wees in direkte opposisie met God se gebiedende Woord, en tog van die standpunt van menslike redenasies sal dit so absoluut reg wees, so verliggend en lewendmakend om die wêreld te bedrieg.

Net die ware uitverkorenes sal nie mislei word nie. Die versoeking sal kom soos volg. Die ekumeniese beweging wat begin het op wat gelyk het na so 'n pragtige en geseënde beginsel (vervul Christus se gebed dat ons almal een mag wees) word so sterk polities dat sy druk op die regering sit om te maak dat almal verenig of met haar direk óf deur die nakoming van die beginsels wat in die wet uitgevaardig is sodat geen mense herken sal word as ware kerke nie tensy onder direkte of indirekte dominasie van hierdie raad. Klein groepies sal gesag verloor, voorregte, ens., totdat hulle alle eiendom verloor en geestelike regte by die mense.

Byvoorbeeld, reg nou tensy die plaaslike predikersvereniging toestem in baie, indien nie die meeste stede, kan mens nie 'n gebou huur vir godsdienstige dienste nie. Om 'n kapelaan te word in die gewapende magte, hospitale, ens., is dit amper noodsaaklik om, om te erken en te aanvaar die drie-enige ekumeniese groepe. Soos hierdie druk sterker word, en dit sal, sal dit moeiliker word om te weerstaan, want om te weerstaan is om voorregte te verloor. En soveel sal in versoeking gelei word om voort te gaan, want hulle sal voel dit is beter om God openlik in die raamwerk van hierdie organisasie te dien as om glad nie God te dien openlik nie. Maar hulle maak 'n fout. Om die duivel se leuen te glo is om Satan te dien, selfs al sou jy hom Jehova wou noem. Maar die uitverkorenes sal nie mislei word nie.

Verder, die uitverkorenes sal nie net behou word nie, maar soos hierdie beweging die "BEELD OPPERIG TOT DIE DIER" word, sal die heiliges weg wees in die wegraping. En hierdie klein genotvolle, innemende beweging wat begin het in kameraadskap by Éfese sal die monster word van Satan wat die hele wêreld besoedel en bedrieg. Vir die kerk sisteem van die Rooms Katolieke en die Protestante wat saamkom sal die hele rykdom van die wêreld beheer en die hele aarde forseer in die godsdienstige strik, of sal hulle doodmaak, deur hulle die voorreg te weier om te koop en te verkoop wat hulle 'n lewe van sou maak. Dit sal eenvoudig volbring word, want die hoer se dogters is almal weer terug na haar toe. In tussentyd, het Rome amper al die voorraad van goud gekoop. Die Jode het die effekte en al die papiere. Op die regte tyd, sal die hoer die teenswoordige dag se geld sisteem vernietig deur al die papiere te herroep, en goud te eis. Met geen goud nie, val die stelsel. Die Jode sal vasgevang wees en kom in alliansie, en die hoer kerk sal die hele wêreld oorneem.

Die Belofte Aan Sy Eie

Openbaring 3:11-12,

"Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie."

Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.

Ons hoef nie 'n opmerking te maak op die gedagte dat Hy vinnig kom nie. Ons weet dat Hy is omdat ons aan die einde van die laaste dae is, is ons nie? Maar Hy gaan voort om te sê: "Hou vas wat jy het, dat geen mens jou kroon neem nie."

Dit is in die midde van 'n tyd van groot probleme wat Jesus kom. En met Sy koms is daar 'n opstanding. Baie moet uit die stof opkom en staan met diegene wat lewendig is maar wag op Sy terugkeer. En vir hierdie sal kroon gegee word. Hoekom? Omdat hulle Seuns van God is. Hulle is konings saam met Hom. Hulle regeer saam met Hom. Dit is wat die kroon aandui—regeer en bestuur met die Groot Koning, Homself. Dit is die belofte aan almal wat ly met Hom hier op aarde—al diegene wat geduldig verduur wetende dat God, die Regverdige Regter hulle sal beloon. Hulle wat alles opgegee het vir Hom en alles aan Hom toevertrou het sal sit in Sy troon en deel in Sy glorieryke koninkryk.

O, ons het 'n woord vir ons almal op hierdie tyd. Dit is hou vas—volhard. Moet nie opgee nie. Trek aan die hele wapenuitruiting van God—gebruik elke wapen wat Hy ons gegee het—gebruik elke gawe tot ons beskikking en kyk vorentoe met blydschap, want ons gaan gekroon word deur Hom Wie die Koning van Konings is en Heer van Here.

Nou Hy gee nie net kroon nie maar Hy sê dat die in die bruid sal pilare gemaak word in die tempel van God. Maar wat is die tempel van God? Jesus het gepraat van Sy liggaam as die tempel. Dit was. Dit was die tempel van God. Maar nou dat ons Sy liggaam is, die ware kerk is die tempel van God deur die Heilige Gees binne-in ons. Nou Hy gaan die oorwinnaar 'n pilaar maak in daardie tempel. Wat is 'n pilaar? 'n Pilaar is werklik 'n deel van die fondasie want dit hou die oortreffende struktuur. Prys God, dit plaas die oorwinnaar reg met die apostels en profete, want dit sê in Efésiërs 2:19-22,

"So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God,

gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is,

in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saan opgebou word tot 'n woning van God in die Gees.

Ja, daardie vers 22 sê dat ons gebou is saam met hulle. Alles het deur die DEUR (Jesus) gegaan en is 'n deel van daardie liggaam of tempel. Nou as God 'n man in die tempel sit as 'n pilaar en hom 'n deel van daardie fondasiegroep maak wat doen Hy? Hy gee hom die openbaring van die Woord en van Homself, want dit is presies wat die apostels en profete gehad het. Matthéus 16:17. Daar is hy in daardie Woord. Daar staan hy. Niemand kan hom uitkry nie.

Dink oor daardie woord: "oorwin". Johannes vra die vraag: "Wie is hy wat oorwin?" en die antwoord kom reguit terug: "Hy wat glo dat Jesus die Christus is." Hy sê nie dat die oorwinnaar een is wat glo in "n' Jesus en in "n' Naam nie, maar glo dat Jesus IS DIE CHRISTUS—EEN persoon—nie twee nie. Hy is die een wat gedoop is in die Naam van die Here Jesus Christus.

God praat hier van die bruid. Wil julle nog 'n foto van haar sien?

Dit is daar in Openbaring 7:4-17,

"En ek het die getal van die verseëlde gehoor: honderd-vier-en-veertigduisend verseëlde uit al die stamme van die kinders van Israel—

uit die stam van Juda twaalfduisend verseëlde; uit die stam van Ruben twaalfduisend verseëlde; uit die stam van Gad twaalfduisend verseëlde;

uit die stam van Aser twaalfduisend verseëlde; uit die stam van Náftali twaalfduisend verseëlde; uit die stam van Manasse twaalfduisend verseëlde;

uit die stam van Simeon twaalfduisend verseëlde; uit die stam van Levi twaalfduisend verseëlde; uit die stam van Issaskar twaalfduisend verseëlde;

uit die stam van Sébulon twaalfduisend verseëlde; uit die stam van Josef twaalfduisend verseëlde; uit die stam van Benjamin twaalfduisend verseëlde.

Na hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die

Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande;

en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!

En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en God aanbid

en gesê: Amen! Die lof en die heerlijkheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen.

Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom?

En ek sê vir hom: My Heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.

Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan.

Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie;

want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee."

Jesus het gekom. Hy het die 144,000 verseël. Hy het 12,000 uit elke stam gevat. Maar daar is 'n ander groep wat nie in hierdie 144,000 hoort nie wat gesien word in die verse 9-18. Wie is hulle? Hierdie is in die bruid gevat tussen die Heidene. Hulle is voor Sy troon dag en nag. Hulle dien Hom in die tempel. Hulle is die spesiale sorg van die Here. Hulle is Sy bruid.

Die bruid gaan waar ookal die Bruidegom is. Sy sal nooit deur Hom verlaat word nie. Sy sal nooit Sy verlaat nie. Sy sal die troon met Hom deel. Sy sal gekroon word met Sy heerlijkheid en eer.

En Ek sal op hom skryf die Naam van My God, en die naam van die stad van My God. En wat is die Naam van God? Wel, Hy was God met ons, of Emmanuel, maar dit was nie Sy gegewe naam nie. "U sal Sy Naam Jesus noem." Jesus het gesê: "Ek het in My Vader se Naam gekom, en julle het My nie ontvang nie." Daarom is die Naam van God JESUS, want dit is die Naam waarin Hy gekom het. Hy is HERE JESUS CHRISTUS. En watter naam neem 'n vrou wanneer sy met die man trou? Sy vat sy naam. Dit sal Sy Naam wees wat aan die bruid gegee word wanneer Hy haar vat vir Homself.

Openbaring 21:1-4.

"En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.

En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal Sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.

En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan."

Hoe wonderlik. Al God se wonderlike beloftes vervul. Dit sal alles verby wees. Die verandering sal voltooi wees. Die Lam en Sy bruid vir ewig gevestig in al die perfeksies van God. Beskryf dit? Wie kan dit doen? Niemand nie. Dink daaraan? Droom daarvoor? Lees wat die Woord daarvoor sê? Ja, ons kan dit alles doen, tog kan ons net 'n oneindige deel daarvan weet totdat dit werklikheid word in die eerste opstanding.

"En Ek sal my NUWE Naam op hom skryf."

My Nuwe Naam. Wanneer ALLES nuut word, dan sal Hy 'n nuwe Naam op Hom neem en daardie Naam sal die Naam van die bruid ook wees. Wat daardie Naam is, niemand durf veronderstel nie. Dit sal 'n openbaring van die Gees moet wees wat so onweerlegbaar gegee word dat niemand dit sou waag om Dit te ontken nie. Maar geen twyfel Hy sal daardie openbaring los tot die dag wanneer Hy begeer om voortaan daardie Naam te gee. Dit is voldoende om te weet dat dit wonderliker sal wees as wat ons ooit

kan voorstel.

Die Finale Vermaning Aan Die Eeu

Openbaring 3:13,

"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."

Elke eeu eindig met dieselfde waarskuwing. Dit is die aanhoudende pleidooi dat die kerke luister na die stem van die Here. In hierdie eeu is die pleidooi selfs meer aanhoudend as in die vroeë tydperke, want in hierdie eeu is die koms van die Here waarlik naby. Die vraag sou miskien opkom: "As daar 'n ander eeu na hierdie een is, waarom die dringendheid?" Die antwoord lê hierin. Die laaste eeu sal 'n kort een wees—'n vinnige werk van voleinding. En nie net is dit so nie, maar mens moet altyd onthou dat in die oë van God is tyd baie vlugtig; ja, 'n duisend jaar is maar 'n dag. En as Hy binne 'n paar uur kom soos Hy tyd sien, dan moet Hy ons sekerlik waarsku met alle dringendheid en Sy stem moet gedurig weerklink in ons harte om gereed te wees teenoor die koms.

O, daar is soveel stemme in die wêreld—soveel probleme en behoeftes roep vir aandag; maar daar sal nooit 'n stem so belangrik wees en so werd wees om ag te gee op soos die stem van die Gees nie. So, "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."



www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur

William Marrion Branham

"... in die dae van die stem ..." Openb. 10:7